Wie is Wonderboom?

Wonderboom is ’n gemeente wat deur God geroep is om publieke getuienis te lewer, die evangelie te verkondig, en vir mekaar te sorg. Ons vorm ’n hegte familie en probeer saam ons roeping vervul. Hierdie gids gee aan jou ’n toer saam met ons geloofsfamilie en help jou om jou plek daarin te vind.

Die eerste deel van die Gemeentegids probeer al jou vrae aangaande die gemeente beantwoord. Die tweede deel verduidelik hoe ons as gestuurdes in God se koninkryk werk, en hoe jy daarby betrokke kan raak. Derdens is daar ’n jaarprogram wat die jaar se gebeure, vergaderings, ens., beskryf. Agterin word die algemene inligting opgesom en die buitenste blad bevat relevante kontakbesonderhede.

’n Toer deur die gemeente

Eredienste

Eredienste is geleenthede vir elke gelowige om God se genade te vier. Ons het elke Sondagoggend om 09:00 ’n erediens in die kerkgebou, asook ’n erediens by Soetdoring (een van die aftree-oorde). In die aande om 18:00 het ons ’n informele jeugbyeenkoms vir die senior jeug van die gemeente (Debeon). Eredienste word versier met simboliek wat met die kerkjaar gepaard gaan. Elke gelowige word genooi om deel te neem aan die eredienste waar ons God verheerlik met ons teenwoordigheid, stemme, deelname en liefdesgawes.

Die Omgee-waentjie

In die portaal na die binnehof is daar ’n waentjie waar jy nie-bederfbare kos, linnegoed en klere kan plaas. Hierdie items word deur die Barmhartigheidstaakgroep sorteer en versprei. Maak asseblief ’n gewoonte daarvan om gereeld iets in die waentjie te plaas vir noodlydendes.

Doop

Die doop is ’n geleentheid waar God Homself aan mense (kinders) belowe en waar ouers hulle geestelike verantwoordelikheid t.o.v. hulle kinders voor die Here aanvaar. Dit vind eenmaal per maand tydens ’n oggenddiens plaas soos in die *jaarprogram* aangedui. Registreer vroegtydig by die kerkkantoor [onthou jou kind se geboortesertifikaat en julle as ouers se ID-afskrifte!]. Doopouers reël self met ’n leraar ’n afspraak vir die doopgesprek. Ander moontlike doopdatums kan ook met die leraar onderhandel word. Volwassenes word gedoop en lê Belydenis van Geloof af, na ’n program van volwasse kategese. Kontak met enige van die leraars in dié verband.

Nagmaal

Die bediening van die brood en die wyn is ’n herdenking en ’n dankie-sê-geleentheid waar ons herinner word aan Jesus se offer vir ons aan die kruis. Nagmaal is saam met die doop geloofsversterkende simbole van God se genade. Die *jaarprogram* dui nagmaaldatums aan. Daar word tydens elke nagmaalgeleentheid by die deure kollekte opgeneem vir Bybelverspreiding. Kinders en jongmense mag ook nagmaal gebruik. Indien jy van ’n ander gemeente oorkom of ’n besoeker is en nagmaal wil gebruik, kan jy dit met groot vrymoedigheid doen, indien jy vrymoedigheid voor die Here het. Kontak die leraars vir enige navrae.

Eulogaté – die Musiekbediening

Ons musiekbediening, Eulogaté, begelei die gemeentesang afwisselend tydens oggenddienste. Indien jy 'n sangtalent het, of 'n musiekinstrument bespeel, kan jy gerus hierby betrokke raak. Kontak met dr. Nelius Steyn (072 196 9000) of die musiekleier Janita Tromp (082 857 6433).

Kuiergeleentheid

Na elke oggenddiens is daar 'n kuiergeleentheid in die *binnehof.* Dit gee gelowiges die geleentheid om mekaar te leer ken en te praat oor die week wat verby is en wat voorlê. Dit is 'n wonderlike geleentheid vir nuwe intrekkers en besoekers en die res van die gemeente om mekaar beter te leer ken. Die koffie en tee is gratis.

Kategese

Juniors (Gr 0-6) het Kategese na die oggenddiens en seniors (Gr 7-10) om 18:00. In Gr 11 kom die katkisante vir 'n jaar in die belydenisgroep saam wat deels saam met Debeon, die jeugbyeenkoms vir die seniors op Sondae-aande funksioneer. Daar is ook spesifieke geleenthede en temas wat hulle tydens dieselfde tydgleuf op hulle eie hanteer. Begeleiers wat aan die finalejaars toegeken word, speel ook hierin 'n groot rol. Aan die einde van die jaar word die katkisante as belydende lidmate bevestig. Hiervoor doen hulle persoonlike aansoek. Belydenisaflegging hoef nie op 'n bepaalde vasgestelde datum plaas te vind nie, maar daar word wel 'n gesamentlike geleentheid gereël vir dié wat wil. Ouers word versoek om aktief in hulle kinders se kategese en belydenisjaar deel te neem en belang te stel, soos God dit van die begin af van ons verwag! Volwassenes wat nie voorheen belydenis van geloof afgelê het nie, word deur 'n predikant begelei om belydenis te kan aflê op 'n datum soos ooreengekom.

Die Mediasentrum

Ons Media-sentrum is geleë in die houthuisie by die ingang na die binnehof en kombuis. Die Media-sentrum is gewoonlik op Sondae-oggende net na die erediens tot jou diens! So wil ons graag geestelike literatuur tot jou beskikking stel. Resente geestelike boeke word hier verkoop, of jy kan bestellings plaas, en daar is ook boeke wat jy gratis kan neem, en lees, en terugbring, vir ander om weer te lees! Indien jy geestelike literatuur het wat jy kan skenk, is dit baie welkom! Hoe meer boeke, hoe meer vreugde! Kom loer in en geniet!

Die Leraars

In ons gemeente is daar 2 voltydse predikante – ds. Ernest Horn (Suid-Pastorie) en dr. Nelius Steyn (Noord-Pastorie). Ons militêre kapelaan ds. Erika van Tonder is deeltyds aan die gemeente verbonde en dien voltyds in die 1 Militêre Hospitaal. Vind die kontak-inligting vir al die predikante op die agterkant van die Gemeentegids.

Gebed en gebedsversoeke

Gebed ontvang groot klem in ons gemeente en ons wil graag 'n biddende gemeente wees! Ons kan nie sonder jou gebede nie, en wil ook graag saam met jou, en vir jou bid! Gebedsversoeke kan deurgegee word na die leraars, omgeegroepe, die kerkkantoor, asook die Uitreiktaakgroep wat die gebedskoördinering in ons gemeente hanteer. Ons plaas ook graag gebedsversoeke in ons weeklikse Gebedsbrief wat tydens eredienste uitgegee word. So kry ons geleentheid om in die erediens daarvoor

te bid, en die gemeente bid ook in die week verder daarvoor aan die hand van die Gebedsbrief. Ons vra dat jy jou gebedsversoeke en -behoeftes met ons deel, dat ons saam met jou in gebed kan meeleef! Ons wil graag deel in jou aanbidding, vreugde, hartseer, smeking, dankbaarheid, voorbidding, belydenis en lof!

Die Gebedsbrief

Ons Gebedsbrief word weekliks by die eredienste uitgegee. Hierin deel ons erediens- en gemeente-inligting, vars nuus, en gebedsversoeke met mekaar. Dit is een van ons belangrikste kommunikasiemiddele en ons vra graag dat jy dit sal lees, aan aktiwiteite en gebede sal deelneem, en dit benut vir eie behoeftes soos voorbidding en nuus! Ons plaas ook advertensies vir dienste wat jy kan lewer en ons wil jou graag ondersteun! Vir enigiets wat jy in die Gebedsbrief wil plaas, kan jy kontak maak met die kerkkantoor of een van die leraars.

Debeon – Jeugaksie

Die Jeugaksie (Debeon) vind as aandbyeenkomste op Sondae plaas. Die Senior Kategese word hiermee geïntegreer. Dit word deur die Jeugtaakgroep gereël.

Huweliksbevestiging

Om in die huwelik bevestig te kan word, moet die voornemende egpaar ’n inligtingstuk by die kerkkantoor kry. Die inligtingstuk handel oor die reëling van ’n huwelik en/ of die bespreking van die kerkgebou. Die paartjie moet so spoedig moontlik (voor die bevestiging van ’n troudatum) kontak met die een van die predikante maak en deurloop dan vooraf huweliksvoorbereiding by die predikant. Die afsprake word direk met die predikant gereël, ten minste drie maande voor die tyd.

Omgeegroepe

Die omgeegroepe vorm ’n netwerk van ondersteuning en bemoediging, waarin jy in ’n kleingroep die persoonlike belewenis van die liefde van die Here saam met medegelowiges kan ervaar. Byeenkomste is informeel en gemaklik, en vra nie voorbereiding nie. Die klem lê nie net op Bybelstudie nie, maar op saamwees, saam dien, en om mekaar te bedien. Omgeegroepe kom op ’n weeklikse basis bymekaar, en jy kan by enige omgeegroep inskakel deur vrye assosiasie.

Omgeegroepe is betrokke by verskillende bedieninge binne en buite die gemeente soos byvoorbeeld: erediensbeurte, nagmaal-bediening, teeskink-geleenthede, barmhartigheid, jeugwerk, ens. Omgeegroepe is ook op korter of langer termyn betrokke by projekte wat hulle self kies om te doen soos hulleself oortuig is, soos byvoorbeeld die Jakaranda Kinderhuis, barmhartigheid, uitreike, Bybelverspreiding, ens. Hierdie projekte verander soos behoeftes en bedieninge dit vereis.

Omgeegroepmateriaal word weekliks tydens eredienste uitgegee, en sluit aan by die erediensgebeure en die -boodskap. Dit is ook beskikbaar op die *webtuiste* en kan vir persoonlike stiltetyd gebruik word.

Omgeegroepe is egter vry om enige byeenkoms in te rig soos hulle behoeftes by ’n bepaalde byeenkoms blyk te wees. Ons wil jou graag uitnooi om by ’n omgeegroep in te skakel, of jou eie omgeegroep te begin!

Skakel met Pepsi Wepener 084 602 7044 of een van die leraars in dié verband.

Die Webtuiste

Ons gemeente het ook ’n webtuiste (**www.ngkwonderboom.co.za**) waar jy resente inligting kan kry. Die webtuiste hou die gemeente op hoogte van gebeure en gee verslag daaroor. Die gebedsbrief is ook altyd op die webwerf beskikbaar.

Ds. Ernest Horn skryf daagliks geestelike dagstukkies wat op die webwerf geplaas word. Jy kan dit ook per e-pos ontvang, saam met die Gebedsbrief, deur jou e-posadres by ons e-poslys te voeg. Doen dit self op die webwerf (http://ngkwonderboom.co.za/mail) of vra ons webmeester, Ashton van Niekerk (078 718 6659 of prysdieheer@gmail.com), om jou hiermee behulpsaam te wees.

Maniere om bydraes te maak

Die gemeente is finansieel afhanklik van lidmate se bydraes. Tydens eredienste word ’n kollekte-sakkie omgestuur waarin jy jou offergawe kan plaas. Jy kan jou maandelikse dankoffer in ’n koevert plaas en by die kerkkantoor se posbus ingooi. Jy kan dit ook per debietorder doen deur ’n opdragvorm in te vul (beskikbaar by die kerkkantoor en webwerf) en dit dan by die kerkkantoor in te handig, of jy kan dit per internet oorbetaal. Die bankbesonderhede van die gemeente is agterop die Gemeentegids.

Woordgroei en Gebed

Woordgroei- en gebedsgeleenthede vind op Donderdagaande om 19:00 in die *Kameel* op die kerkterrein plaas. [Die *Kameel* is ’n lokaal tussen die twee pastorieë]. Hierdie geleenthede is gerig op Bybelstudie en gebed, vir persone wat doelbewus wil groei in hulle kennis van die Woord. Ons behandel boeke van die Bybel in eenhede, of bepaalde onderwerpe word vanuit die Woord toegelig. Hierdie geleenthede vra ook nie vooraf voorbereiding nie, en informele en deelnemende gesprekke vind plaas. Ons sluit die geleenthede af met gebede soos deur die groep self besluit. Daar is ook Bybelstudies by die aftree-oorde Soetdoring en Jasmyn. Kom geniet hierdie Woordgroei saam met ons! Dit is ’n avontuur! Kom val net in, jy hoef niks vooraf te reël nie.

Uitleg van die Kerkterrein

Gebruik die kaart van die Kerkterrein om jou te oriënteer:

1) Kerkgebou. 2) Moederskamer. 3) Kerktoring. 4) Konsistorie. 5) Kerksaal. 6) Binnehof. 7) Bo-Vertrek / Kategese-lokaal / Gebedskamer. 8) Kerkkantoor.\ 9) Kombuis. 10) Traliewerk. 11) Mediasentrum. 12) Kleedkamers. 13) Jeuglokaal. 14) Gedenktuin. 15) Portaal. 16) Noord-pastorie (dr. Nelius Steyn). 17) Kosterhuis. 18) Die Kameel. 19) Kleedkamer. 20) Suid-Pastorie (ds. Ernest Horn). 21) “Volleybal”baan. 22) Ronnie – papierherwinningsbussie. 23) Boma.

Die koördinate van ons kerkkompleks is S 25º 40’ 31.24” en O 28º 12’ 8.98”.


Rosemarylaan
Parslevlaan
Parkering
1
2
3
4
5
6
7
8
9
10
11
12
13
14
15
16
17
18
19
20
21
22
23

Die **Kerksaal, Kameel** en **Boma** word vir verskeie geleenthede en vergaderings benut. Dit word ook uitverhuur. Indien jy een van die lokale wil huur, kontak die kerkkantoor (012 567 3631 of 082 829 2062). Die **Kombuis** en ander toerusting word ook uitverhuur. Die **Boma is teen 'n geringe huurkoste beskikbaar**, en moet ook by die Kerkkantoor bespreek word.

Die **Gedenktuin** bied 'n alternatiewe rusplek vir die oorskot van geliefdes. Beide enkel- en dubbelnisse is beskikbaar. Elke nis is bedek met 'n Granietdeksteen en is geskik vir bewaring van een of twee kissies. Die Gedenktuin bied 'n veilige, rustige, gewyde tuin-atmosfeer asook gemoedsrus. Vir navrae of 'n nis te koop, kontak die kerkkantoor.

Daar is 'n **kennisgewingbord** in die **portaal**. Hierop word daar dikwels belangrike nuus en ook advertensies geplaas. Indien jy iets op die kennisgewingbord wil plaas, kontak die kerkkantoor in dié verband.

Struktuur en bestuur

Hierdie afdeling beskryf ons gemeente se bestuur en struktuur en hoe jy daarby betrokke kan raak. Die diagram toon grafies die bestuur van ons gemeente. Christus

is natuurlik die Hoof van die Gemeente. Die verantwoordelikhede van die kerk word tussen die verskeie taakgroepe ingedeel.

Elke taakgroep bestuur homself, maar funksioneer onder die gesag van die kerkraad. Jy hoef nie formeel deel te word van een van die taakgroepe om betrokke te wees nie. Jy kan jou hulp steeds aanbied deur informeel deel te neem aan projekte, bedieninge of taakgroepe. Jy kan byvoorbeeld deelneem aan 'n uitreik sonder om deel te word van die Uitreiktaakgroep. Alle taakgroepe is egter oop.

Die omgeegroepe doen baie van die kerk se werk. Indien jy nie by een van die taakgroepe wat hieronder gelys is, betrokke wil/kan raak nie, sluit aan 'n Omgeegroep.

Kyk gerus deur die volgende paar bladsye en vind jou plek in die gemeente. Indien jy nie seker is waar jy by betrokke wil raak nie, kontak een van die leraars.


Jesus Christus
Kerkraad
ToerustingTG
UitreikTG
EiendomTG
EredienstTG
JeugTG
BarmhartigheidsTG
FinansiesTG
OmgeegroepTG
PersoneelTG
LeraarsTG
VrouebelangeTG

Taakgroepe

God het elkeen van ons geseën met besondere gawes. Om ons dankbaarheid te bewys moet ons Hom daarmee dien. Die taakgroepe in ons gemeente gee aan elke gelowige die geleentheid om sy/haar gawes te gebruik om die Here op een of ander manier te dien. Hier volg 'n lys van al die taakgroepe in die gemeente, hoe dit werk, wat dit doen, en watter bydrae jy kan lewer. Enige lidmaat is welkom om deel te word van enige taakgroep.

Uitreiktaakgroep

Die Uitreiktaakgroep fokus op Christus se opdrag om aan die hele wêreld die Evangelie te verkondig. Ons rus mense toe vir hierdie taak met spesifieke kursusse. Ons reël elke jaar 'n uitreik na Mosambiek, soos in die gebedsbrief aangekondig. Gewoonlik het ons 'n werkerskamp in Mosambiek by Volta a Biblia in Macia. Enigeen is welkom om saam op hierdie uitreik te gaan. Ons versprei ook Bybels in Mosambiek met hierdie uitreik. Verder versprei ons Bybels in die groter Pretoria omgewing deur die Bybelwa, veral ook met Paasnaweke op die pad na die Noorde, deur die Bybelgenootskap en deur die Gideons.

Ons lewer ook 'n bydrae tot kinderevangelisasie by Petra-Kollege naby Witrivier en is in 'n mate betrokke by uitreike in Madagaskar.

Ons lei ook graag die gemeente in die groei in 'n aktiewe gebedslewe deur 'n gebedskoördineerder, sowel as geestelike groei deur ons Mediasentrum se verspreiding van geestelike literatuur. Liefde vir die Evangelie en mense sowel as kommunikasievaardighede word deur hierdie taakgroep benut. Jy kan regtig prakties en aktief by enige van hierdie aktiwiteite inskakel.

Kontak sommer nou met ds. Ernest Horn by 012 567 2396 of 083 660 5644. Sy epos is emhorn@telkomsa.net.

Eiendomtaakgroep

Die Here word net soveel gedien met die onderhoud van geboue en ons pragtige terrein as met ander take. Dink byvoorbeeld aan die hervorming van Josia (2 Konings 22:5), Nehemia en die herstel van die muur, die herstel van die Tempel, ens. Die bestuur, onderhoud en benutting van die gemeente se geboue, terrein en toerusting is die Eiendomtaakgroep se roeping. Hierdie taakgroep doen groot moeite met die instandhouding van die gemeente se eiendom en hierin kan jy ons gerus help met jou tegniese kennis, of deur sommer net jou hande te kom aanbied vir praktiese werk. Dit word gereeld in die gebedsbrief bekend gemaak. Die kerkkantoorkoördineerder en terreinpersoneel onderhou ook die terrein en tuine en jy kan hierin kom help met jou hande lekker diep in die grond.

Skakel gerus met Henie van der Walt 083 442 4626 of henniev@uj.ac.za of die koster / kerkkantoor - Ninette Barnard 082 829 2062 of 012 567 3631.

Eredienstaakgroep

Elke Sondag vier ons die feit dat Jesus opgestaan het in die vorm van eredienste. Die Eredienstaakgroep koördineer eredienste en help om dit glad te laat verloop. Ons help ook met die bediening van die Sakramente (die doop en die nagmaal), die klank en die dataprojeksie in eredienste. Verder is ons verantwoordelik vir die CD-opnames van preke en die verkoop daarvan. Na elke erediens is daar 'n kuiergeleentheid in die

binnehof, wat deur ons georganiseer en bedryf word. Ons versier ook die kerkgebou en terrein met die nodige simboliek vir elke geleentheid volgens die kerkjaar.

Die Eredienstaakgroep poog om die erediensgangers se belewenis van ’n ontmoeting met God te verhoog deur analise en beplanning. Indien jy op enige manier hierby betrokke wil raak, skakel asseblief die voorsitter van die Eredienstaakgroep Albert Truter 082 468 8647 of een van die leraars ds. Ernest Horn 083 660 5644, dr. Nelius Steyn 072 196 9000 of ds. Erika van Tonder 083 641 6897.

Jeugtaakgroep

Die Jeugtaakgroep beplan en koördineer die formele en informele jeugbediening in die Gemeente. Jongmense en kinders is vir die Here van kardinale belang en daarom vir ons as gemeente geweldig belangrik. Ons dien die jeug dus in hulle eie idioom d.m.v. verhoudings en begelei hulle tot ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus en geloofsgroei.

Aan die formele kant hanteer die taakgroep die kategese in samewerking met die ouers. Ons Kategese bestaan uit drie dele 1. die Junior Kategese (Gr. 0 – Gr. 6), die Senior Kategese (Gr. 7 – Gr. 10) en die Belydenisgroep (Gr. 11). Hierby is kategete, sekretaresses en leraars betrokke asook begeleiers by die belydenisgroep. Volwasse kategese word op ’n persoonlike basis deur die leraars na gelang van elke spesifieke gelowige se behoefte hanteer. Uitstappies en kampe is deel van die bediening en ouers of ander vrywilligers wat kan help met reëlings, kosmaak en vervoer, word verwelkom.

Aan die informele kant is aandag aan die kinders tydens die oggenddiens asook per geleentheid kinderdienste. Daar is ook ’n hoërskool jeugaksie DEBEON. Debeon vorm deel van die jeugbyeenkomste op Sondae-aande en hulle program word afgewissel deur kuier, uitreik en dienslewering in en buite die gemeente. Kampe en uitstappies word ook vir hulle gereël, o.a. uitreikkampe na Mosambiek se Bybelskool Volta a Biblia in Macia asook na Petra Kollege by Witrivier en ander kampe / uitstappies.

Die Jeugtaakgroep fokus nie net op kinders en jongmense nie, maar ook op jong getroudes en gesinsbou en daarom word daar huweliksvoorbereiding, huweliksverryking en gesinskampe beplan. Ons poog ook daarin om die jeug aan die res van die gemeente en die gemeente aan die jeug te bind. Indien jy by enige van hierdie aktiwiteite en fokuspunte betrokke wil wees, kan jy vir ds. Ernest Horn 083 660 5644 by die Belydenisgroep, dr. Nelius Steyn 072 196 9000 by die Senior Kategese of Elize Steyn 061 234 5750 by die Junior Kategese skakel.

Barmhartigheidstaakgroep

Naastediens is een van die belangrikste take van die kerk (Lees gerus Jakobus 1:27). In ons gemeente word hierdie taak deur die Barmhartigheidstaakgroep gekoördineer. In hierdie taakgroep beplan en bestuur ons die beplande en formele barmhartigheidswerk van die Gemeente. Informeel word elke gelowige geroep om spontaan die hande en voete van ons Here Jesus te wees wat daagliks ander mense aanraak met sy liefde en deernis.

Ons fokus op die versorging van die bejaardes, siekes en noodlydendes. Die Wonderboom Senior Aksie is ’n bediening van die taakgroep vir seniors met ’n eie bestuur wat een maal per maand bymekaarkom, saam kuier en saam eet. Daar is ook ’n groep wat siek lede bedien. Indien jy lid wil word van die aksie, kan jy vir Baby du Plessis (083 979 2935) of Hester Brookes (012 567 5023 of 082 780 6349) kontak.

Verder bied die Barmhartigheidstaakgroep jaarliks 'n *Aksie 60 Funksie* aan waarheen bejaardes in die gemeente en gemeenskap genooi word. Hier word hulle bederf met goeie kos, -vermaak en -geselskap. Vir meer inligting van hoe jy hierby betrokke kan wees, skakel gerus vir Hennie Erwee by 082 553 9291.

Deur middel van die Omgee-waentjie, die Klerekas en die Jakaranda-kruiwa, dra die gemeente met kos, klere en komberse by om mense in nood te help versorg. 'n Groep gelowiges sorteer en verpak weekliks die kos en klere en dan word dit aan noodlydende gesinne en mense verskaf wat vir hulp na die kerk kom. Aan die einde van elke maand word kospakkies saamgestel en aan behoeftige gesinne in die gemeente en gemeenskap verskaf. Daar is ook gelowiges uit die gemeente betrokke by gereelde of sporadiese kosgeeprojekte by skole of skuilings in ons omgewing. Indien jy hierby betrokke wil raak, kan jy vir Rene van Heerden (082 559 2246) skakel.

Die Barmhartigheidstaakgroep is ook betrokke by die Jakaranda Kinderhuis, Huis 17. Kos, klere en ander noodsaaklikhede word vir Huis 17 ingesamel en 'n band met die kinders van die huis gebind. Daar is 'n lys van benodighede by die Jakaranda-kruiwa. Byeenkomste, funksies, verjaarsdagvieringe en spesiale geleenthede word gereël en saam met die kinders gevier. Omgeegroepe is van tyd tot tyd hierby betrokke. Indien jy by hierdie bediening wil inskakel, kan jy met Estie Wepener 084 554 4435 skakel.

Afhangende van donasies wat inkom en die gemeente se finansiële posisie, help die Barmhartigheidstaakgroep per geleentheid mense waar nodig met hulle basiese maandelikse verpligtinge. Die taakgroep werk nou saam met die predikante, die kerkraad, die gemeente, asook saam met die CMR Wonderboom.

Finansiestaakgroep

Baie van die take en aktiwiteite van die kerk het finansiële ondersteuning nodig. Die Finansiestaakgroep stel die jaarlikse begroting op en bestuur die gemeente se finansies in samewerking met die kerkkantoor. Ons gee ook advies aan die kerkraad oor finansiële aangeleenthede.

Indien jy hiermee kan help, word deel van hierdie taakgroep deur Albert Truter 082 468 8647 of a_truter@absamail.co.za of dr. Nelius Steyn 072 196 9000 of e-pos nelius@wonderboomngk.co.za te kontak.

Omgeegroeptaakgroep

Die Omgeegroeptaakgroep hanteer die administrasie van die omgeegroepe, rus die leiers toe met nodige vaardighede en kennis en brei die omgeegroepe uit. Ons moedig lidmate aan om omgeegroepe te begin en uit te brei. Skakel Pepsi Wepener 084 602 7044 of pepsiwep23@gmail.com vir navrae in dié verband.

Personeeltaakgroep

Naas die taakgroepe en omgeegroepe het ons besoldigde personeel waarmee ons ons Godgegewe take verrig. Die Personeeltaakgroep sien om na alle sake wat die personeel en die gemeente raak. Ons vergewis ons van toepaslike arbeidswetgewing, bepalings van die Kerkorde en algemene menslike hulpbronbestuurspraktyke. Ons behartig ook onderhandelinge met die personeel namens die werkgewer [gemeente] t.o.v. diensooreenkomste, vergoeding, ens. Kontak Liné Rudolph 072 466 6607 of e-pos rudolec@unisa.ac.za of Abrie Coetzee 012 – 567 1268 of 082 459 3177, e-pos abrie.coetzee@gmail.com, indien jy hierby wil betrokke raak

Toerustingtaakgroep

Die Toerustingtaakgroep rus die leraars en gemeente toe vir hulle roeping en dienswerk deur toerusting- en opleidingsessies te reël (soos in die jaarprogram aangedui). Ons gee ook aandag aan die inskakeling van die nuwe intrekkers in die gemeente saam met die omgeegroepe. Jy kan Estie Wepener by 084 554 4435 of estiewepener@gmail.com kontak in dié verband.

Die versameling en verspreiding van inligting in die gemeente val onder die Toerustingtaakgroep. Om dit te doen het ons ’n redaksiespan wat deelneem aan kerkaktiwiteite, wat inligting insamel en dan daaroor berig. Saam met hierdie taak onderhou ons ook die webwerf. Indien jy rekenaar- of skryfvaardighede het, sal ons jou graag hier wil benut.

Kontak: Abrie Coetzee 012 567 1268 of 082 459 3177 of abrie.coetzee@gmail.com. Ashton van Niekerk is ons inligtingskoördineerder en webmeester 078 718 6659 of prysdieheer@gmail.com.

Vrouebelande – die Dienas

Die Vrouebelangegroep, die Dienas, aktiveer en bedien vrouelidmate t.o.v. hulle eiesoortige behoeftes en bedieninge. Die taakgroep doen dit deur elke vrouelidmaat te motiveer en toe te rus vir haar dienswerk in die gemeente en koninkryk. So dien die taakgroep die gemeente met toewyding deur:

- ’n Liefdesnetwerk te vorm.
- Te belê in die geestelike groei van vroue lidmate.
- Die bediening van verversings by begrafnisse en gemeentefunksies.
- Spyseniering vir allerlei funksies.
- Voorbidding.
- Voorsiening van blomme vir eredienste.

Kontak Anchen de Jager 082 728 6418 of e-pos anchendejader@yahoo.com of Ninette Barnard by 082 829 2062 of ngwonderboom@gmail.com.

Kerkraad

Ons gemeente funksioneer met taakgroepe, omgeegroepe en individue wat beskikbaar is vir dienswerk. Die Kerkraad behartig die oorhoofse bestuur van die gemeente. Die Kerkraad bestaan uit die voorsitters van al die taakgroepe asook die voorsitter van die kerkraad, die leraars en ’n gebedskoördineerder. Die Jeugtaakgroep en Eredienstaakgroep het elk 3 verteenwoordigers en die Omgeegroeptaakgroep 4. Kwartaaliks is daar ’n kerkraadsvergadering waartydens elke taakgroep verslag doen aan die kerkraad. Die kerkraad lewer deurlopend verslag aan die gemeente deur die gebedsbrief, gemeentenuus en webwerf. Taakgroepe vergader soos in die jaarprogram aangedui. Let daarop dat alle vergaderings oop is en dat enige lidmaat by enige vergadering welkom is, behalwe in uitsonderlike gevalle waar ‘n vergadering gesuiwer moet word.

Januarie *2017*

1	SO	**OGGENDDIENS** *NUWEJAARSDAG*	
2	Ma	**OPENBARE VAKANSIEDAG**	
3	Di		
4	Wo		
5	Do		
6	Vry		
7	Sa		
8	SO	**OGGENDDIENS**	
9	Ma	TOERUSTINGTAAKGROEP 19:00	
10	Di		
11	Wo	SKOLE OPEN	
12	Do		
13	Vry	Kategete Kamp 13– 15 Januarie	
14	Sa		
15	SO	**OGGENDDIENS** DOOP Kategese Opening	**JEUGBYEENKOMS**
16	Ma	EREDIENSTAAKGROEP 19:00	

Die Kerkjaar

Die kerkjaar wentel om 3 hoogte-punte nl. Paasfees, Pinksterfees en Kersfees. Die kerkjaar bestaan uit verskeie seisoene. Met hierdie feeste en geleenthede vier en herdenk ons die handelinge van God met ons. Die aanbiddingsruimte word versier met simboliek aansluitend by die kerkjaar.

Epifaniefees

6 Januarie is die Epifaniefees wanneer ons die openbaring van God aan mense vier. Dit dui op die einde van kerstyd en die begin van die tydperk wat tot Lydenstyd duur.

'n Geleentheid vir die Kategete om mekaar beter te leer ken en ook om die jaar se Kategese te beplan.

Januarie *2017*

17	Di	BARMHARTIGHEIDS-TAAKGROEP 13:00	
18	Wo	JEUGTAAKGROEP 19:00 UITREIKTAAKGROEP 19:00 Seniors Aksie byeenkoms 11:00	
19	Do		
20	Vry	Kerkraad-beplanningskamp	
21	Sa	Kerkraad-beplanningskamp (Voorlopige Begroting)	
22	SO	**OGGENDDIENS** WEEK VAN GEBED	**JEUGBYEENKOMS** **Belydenisgroeporiëntering**
23	Ma	WEEK VAN GEBED 18:30	
24	Di	WEEK VAN GEBED 18:30	
25	Wo	WEEK VAN GEBED 18:30	
26	Do	WEEK VAN GEBED 18:30	
27	Vry		
28	Sa		
29	SO	**OGGENDDIENS** Voorstelling van kategete Katkisante-ouerbyeenkoms	**JEUGBYEENKOMS**
30	Ma	OMGEEGROEPTAAKGROEP 19:00	
31	Di		

Lees hiervan by die Barmhartigheids-taakgroep

Tydens die Week van Gebed kom die gemeente elke aand tot Donderdag in die kerkgebou byeen om te bid vir God se seën op die jaar.

Februarie *2017*

1	Wo		
2	Do		
3	Vry		
4	Sa		
5	SO	**OGGENDDIENS** NAGMAAL Deurkollekte Bybelverspreiding	**JEUGBYEENKOMS**
6	Ma	EIENDOMTAAKGROEP 18:00	
7	Di		
8	Wo		
9	Do	FINANSIESTAAKGROEP (BEGROTING)19:00	
10	Vry	Agenda Kerkraadsvergadering sluit	
11	Sa		
12	SO	**OGGENDDIENS** DOOP Biddag vir Opvoeding en Onderwys Kerkraad agenda beskikbaar	**JEUGBYEENKOMS**
13	Ma		
14	Di		
15	Wo	WB Seniors Aksie byeenkoms 11:00	

Februarie *2017*

16	Do		
17	Vry		
18	Sa		
19	SO	**OGGENDDIENS**	**JEUGBYEENKOMS**
20	Ma	KERKRAADSVERGADERING 19:00	
21	Di		
22	Wo		
23	Do		
24	Vry	Kenni Klanke	
25	Sa		
26	SO	**OGGENDDIENS** Lydensweke begin	**JEUGBYEENKOMS**
27	Ma		
28	Di		

Lydenstyd

...begin 7 Sondae voor Goeie Vrydag. Ons dink terug aan die lyding wat Christus vir ons deurgemaak het. Donker kleure, 'n doringkroon en spykers word gebruik as simbole. Alle blomme word ook uit die kerkgebou verwyder.

Maart *2017*

1	Wo		
2	Do		
3	Vry		
4	Sa		
5	SO	**OGGENDDIENS** DOOP	**JEUGBYEENKOMS**
6	Ma	UITREIKTAAKGROEP 19:00	
7	Di	BARMHARTIGHEIDS-TAAKGROEP 13:00	
8	Wo	Dankfeesbeplanning 18:00	
9	Do		
10	Vry		
11	Sa		
12	SO	**OGGENDDIENS**	**JEUGBYEENKOMS**
13	Ma	EREDIENSTAAKGROEP 19:00	
14	Di		
15	Wo	WB Seniors Aksie byeenkoms 11:00 Dankfeesbeplanning 18:00	

Ons kom elke Woensdag in die K*ameel* bymekaar om die jaar se Dankfees te beplan. Kom neem deel en help om hierdie jaar se Dankfees 'n wonderlike ervaring te maak.

Maart *2017*

16	Do		
17	Vry		AVONTUURKAMP DEBEON 17-21 Mrt
18	Sa		
19	SO	**OGGENDDIENS**	
20	Ma	**SKOLEVAKANSIEDAG**	
21	Di	**MENSEREGTEDAG**	
22	Wo		
23	Do		
24	Vry		
25	Sa		
26	SO	**OGGENDDIENS** ***PAASSANGDIENS***	
27	Ma	TOERUSTINGTAAKGROEP 19:00	
28	Di		
29	Wo		
30	Do		
31	Vry	SKOLE SLUIT	

April *2017*

1	Sa		
2	SO	**OGGENDDIENS** Dag van Danksegging en Verootmoediging	
3	Ma		
4	Di		
5	Wo		
6	Do		
7	Vry		
8	Sa		
9	SO	**OGGENDDIENS** PALMSONDAG	
10	Ma		
11	Di		
12	Wo		
13	Do		
14	Vry	***GOEIE VRYDAG*** - NAGMAAL Deurkollekte Bybelverspreiding	



Palmsondag

...is die Sondag voor Goeie Vrydag waartydens ons die intog van Jesus in Jerusalem vier.

Paastyd

...strek van Goeie Vrydag, wanneer Jesus gekruisig is, tot Sy opstanding op Paasfees. Sy opstanding dui die einde van die lyding en die begin van die Pinkstersiklus aan wat 50 dae duur tot Pinksterfees wanneer ons die uitstorting van die Heilige Gees vier.

April *2017*

15	Sa		
16	SO	**OGGENDDIENS** PAASFEES	
17	Ma	**GESINSDAG**	
18	Di	SKOLE OPEN JEUGTAAKGROEP 19:00	
19	Wo	Seniors Aksie byeenkoms 11:00 Dankfeesbeplanning 18:00	
20	Do		
21	Vry		
22	Sa		
23	SO	**OGGENDDIENS** Doop	**JEUGBYEENKOMS**
24	Ma	OMGEEGROEPTAAKGROEP 19:00	
25	Di		
26	Wo		
27	Do	**VRYHEIDSDAG**	**GESINSKAMP 27-30 Apr**
28	Vry	**SKOLEVAKANSIEDAG**	
29	Sa		
30	SO	**OGGENDDIENS**	

Mei *2017*

1	Ma	***WERKERSDAG***	
2	Di	EIENDOMTAAKGROEP 18:00	
3	Wo	Dankfeesbeplanning 18:00	
4	Do		
5	Vry		
6	Sa	Toerusting vir Kerkraad en gemeente 09:00 – 13:00	
7	SO	**OGGENDDIENS** DOOP **ARBEIDSONDAG**	**JEUGBYEENKOMS**
8	Ma	FINANSIESTAAKGROEP 19:00	
9	Di	Agenda Kerkraadsvergadering sluit	
10	Wo		
11	Do		
12	Vry		
13	Sa		
14	So	**OGGENDDIENS** Moedersdag Deurkollekte Bybelverspreiding Kerkraad Agenda beskikbaar	**JEUGBYEENKOMS**
15	Ma		

Mei *2017*

16	Di		
17	Wo	WB Seniors Aksie byeenkoms 11:00 Dankfeesbeplanning 18:00	
18	Do		
19	Vr		
20	Sa		
21	SO	**OGGENDDIENS TRINITEITSONDAG**	**JEUGBYEENKOMS**
22	Ma	KERKRAADSVERGADERING 19:00	
23	Di		
24	Wo	Dankfeesbeplanning 18:00	
25	Do	Soetdoring 09:00 Hemelvaartdienste} Jasmyn 10:00 Kerkgebou 18:30	
26	Vr		
27	Sa	**DANKFEES**	
28	SO	**OGGENDDIENS** PINKSTER **Dankfees en Gemeenteviering**	
29	Ma	PINKSTER 18:30	
30	Di	PINKSTER 18:30	
31	Wo	PINKSTER 18:30	

Hemelvaart
...is 40 dae na Paasfees wanneer ons Jesus se hemelvaart vier.

Ons Dankfees is 'n Basaar waarmee ons aan God wil dankie sê en saam wil kuier as sy huisgesin! Die gemeente vier ook die verskillende bedieninge van die gemeente. Omgeegroepe en individue beman die stalletjies. Daar is vermaak, lekker kos en heerlike saamkuier.

Die Sondag na Hemelvaart begin die Pinksterreeks. Soos met die *Week van Gebed* kom die gemeente elke aand tot Donderdag in die Kerkgebou bymekaar om die werk van die Heilige Gees te vier.

Junie *2017*

1	Do	PINKSTER 18:30	
2	Vr		
3	Sa		
4	SO	**OGGENDDIENS NAGMAAL PINKSTERFEES**	**JEUGBYEENKOMS**
5	Ma		
6	Di		
7	Wo	Dankfees verslag vergadering 18:00	
8	Do		
9	Vr		
10	Sa		
11	SO	**OGGENDDIENS** Biddag Jeug en Kategese	**JEUGBYEENKOMS**
12	Ma		
13	Di		
14	Wo	Senior Aksie byeenkoms 11:00	
15	Do		

Pinksterfees

...is 10 dae na Hemelvaart. Ons vier die uitstorting van die Heilige Gees en al sy gawes wat Hy aan ons skenk. Na Pinkster begin die Koninkrykstyd.

Triniteitsondag

...is die eerste Sondag na Pinksterfees wanneer ons besondere aandag aan die Drie-eenheid van God gee.

Junie *2017*

16	Vr	***JEUGDAG***	
17	Sa		
18	SO	**OGGENDDIENS** Vadersdag Nasionale Biddag vir Blindes	
19	Ma		
20	Di		
21	Wo		
22	Do		
23	Vr		
24	Sa		
25	SO	**OGGENDDIENS**	**JEUGBYEENKOMS**
26	Ma		
27	Di		
28	Wo		
29	Do		
30	Vr	SKOLE SLUIT	

Julie *2017*

1	Sa		
2	SO	**OGGENDDIENS**	
3	Ma		
4	Di		
5	Wo		
6	Do		
7	Vr		
8	Sa		
9	SO	**OGGENDDIENS**	
10	Ma		
11	Di		
12	Wo		
13	Do		
14	Vr		
15	Sa		
16	SO	**OGGENDDIENS**	
17	Ma		

Julie *2017*

18	Di		
19	Wo		
20	Do		
21	Vr		
22	Sa		
23	SO	**OGGENDDIENS** DOOP Konsep Jaarprogram 2018	**JEUGBYEENKOMS**
24	Ma	SKOLE OPEN UITREIKTAAKGROEP 19:00 JEUGTAAKGROEP 19:00	
25	Di	BARMHARTIGHEIDS- TAAKGROEP 13:00 OMGEEGROEPTAAKGROEP 19:00	
26	Wo	EREDIENSTAAKGROEP 19:00	
27	Do	GHOLFDAG	
28	Vr		
29	Sa		
30	SO	**OGGENDDIENS** NAGMAAL Deurkollekte Bybelverspreiding	**JEUGBYEENKOMS**
31	Ma	EIENDOMTAAKGROEP 18:00 TOERUSTINGTAAKGROEP 19:00	

Augustus *2017*

1	Di		
2	Wo		
3	Do	FINANSIESTAAKGROEP 19:00	
4	Vr	Agenda Kerkraadsvergadering sluit	
5	Sa		
6	SO	**OGGENDDIENS** Kerkraadagenda beskikbaar	**JEUGBYEENKOMS**
7	Ma		
8	Di		
9	Wo	**NASIONALE VROUEDAG**	
10	Do		
11	Vr		
12	Sa		
13	SO	**OGGENDDIENS** Gideons	**JEUGBYEENKOMS**
14	Ma	KERKRAADSVERGADERING 19:00	
15	Di		

Augustus *2017*

16	Wo	Seniors Aksie byeenkoms 11:00	
17	Do		
18	Vr		
19	Sa		
20	SO	**OGGENDDIENS** DOOP	**JEUGBYEENKOMS**
21	Ma	TOERUSTINGTAAKGROEP 19:00	
22	Di		
23	Wo		
24	Do		
25	Vr		
26	Sa		
27	SO	**OGGENDDIENS** NAGMAAL Deurkollekte Bybelverspreiding	**JEUGBYEENKOMS**
28	Ma	EREDIENSTAAKGROEP 19:00	
29	Di		
30	Wo		
31	Do		

September *2017*

1	Vr		
2	Sa	Toerusting vir Kerkraad en Gemeente 09:00 – 13:00	
3	SO	**OGGENDDIENS** Nasionale biddag vir Dowes	**JEUGBYEENKOMS**
4	Ma	OMGEEGROEPTAAKGROEP 19:00	
5	Di		
6	Wo		
7	Do		
8	Vr		
9	Sa		
10	SO	**OGGENDDIENS** Doop Finalisering Jaarprogram 2018	**JEUGBYEENKOMS** **Afronding van die Belydenisgroep**
11	Ma	UITREIKTAAKGROEP 19:00	
12	Di	BARMHARTIGHEIDSTAAKGROEP 13:00	
13	Wo		
14	Do		

September *2017*

15	Vr		
16	Sa	Aksie 60 funksie Kategese uitstappie Juniors	
17	SO	**OGGENDDIENS** **BELYDENISAFLEGGING**	**JEUGBYEENKOMS**
18	Ma	JEUGTAAKGROEP 19:00	
19	Di		
20	Wo		
21	Do		
22	Vr		
23	Sa		
24	SO	**OGGENDDIENS** ERFENISDAG	
25	Ma	**OPENBARE VAKANSIEDAG**	
26	Di	EIENDOMTAAKGROEP 18:00	
27	Wo		
28	Do	FINANSIESTAAKGROEP 19:00	
29	Vr	Agenda Kerkraadsvergadering sluit SKOLE SLUIT	
30	Sa		

Oktober *2017*

1	SO	**OGGENDDIENS** Biddag vir Bejaardes	
2	Ma		
3	Di		
4	Wo		
5	Do		
6	Vr		
7	Sa		
8	SO	**OGGENDDIENS** **Kerkraad agenda beskikbaar**	
9	Ma	SKOLE OPEN Dankfeesbeplanning (2018) 19:00	
10	Di		
11	Wo		
12	Do		
13	Vr		
14	Sa		
15	SO	**OGGENDDIENS** NAGMAAL Deurkollekte Bybelverspreiding Biddag vir Gesondheidsdienste	**JEUGBYEENKOMS**

Oktober *2017*

16	Ma	KERKRAADSVERGADERING 19:00	
17	Di		
18	Wo	Seniors Aksie byeenkoms 11:00	
19	Do		
20	Vr	Kersmark	
21	Sa	Kersmark	
22	SO	**OGGENDDIENS** DOOP	**JEUGBYEENKOMS**
23	Ma	Kersmark	
24	Di	Kersmark	
25	Wo	Kersmark	
26	Do	Kersmark	
27	Vr	Kersmark	
28	Sa	Kersmark	
29	SO	**OGGENDDIENS** Lofofferfees ***Gemeente verjaar [58 Jaar]***	**JEUGBYEENKOMS**
30	Ma	Kersmark	
31	Di	Kersmark	

Die Kersmark gee geleentheid aan die gemeente om enigiets wat hulle maak of verkoop by 'n stalletjie op die kerkterrein te verkoop. 'n Tiende van die inkomste gaan dan na die gemeente toe. Kontak die kerkkantoor om 'n stalletjie te huur.

Gelowiges probeer om minstens 'n tiende van hulle inkomste vir die werk van die Here te gee. Die lofofferfees gaan gepaard met 'n kuiergeleentheid na die oggendiens om die gemeente se verjaarsdag te vier.

November *2017*

1	Wo	Kersmark	
2	Do		
3	Vr		
4	Sa		
5	SO	**OGGENDDIENS** NAGMAAL Deurkollekte Bybelverspreiding	**JEUGBYEENKOMS**
6	Ma		
7	Di		
8	Wo		
9	Do		
10	Vr		
11	Sa		
12	SO	**OGGENDDIENS** DOOP Biddag Beskermingsdienste	**CHRISTUSFEES SANGDIENS**
13	Ma		
14	Di		
15	Wo	Wonderboom Seniors Aksie 11:00 Christusfees Sangdiens Soetdoring	
16	Do	Christusfees Sangdiens Jasmyn	

November *2017*

17	Vr		
18	Sa		
19	SO	**OGGENDDIENS** Kategese afsluiting Biddag Beskermingsdienste	**JEUGBYEENKOMS AFSLUITING**
20	Ma		
21	Di		
22	Wo		
23	Do		
24	Vr		
25	Sa		
26	SO	**OGGENDDIENS** **Advent begin**	
27	Ma		
28	Di		
29	Wo		
30	Do		

Advent

...is die begin van die kerkjaar. Dit begin 4 weke voor Kersfees. Ons dink terug aan die verwagte Messias wat met Kersfees gekom het. Advent eindig wanneer ons Jesus se koms met Kersfees vier.

Desember *2017*

1	Vr		
2	Sa		
3	SO	**OGGENDDIENS** DOOP	
4	Ma		
5	Di		
6	Wo	SKOLE SLUIT	
7	Do		
8	Vr		
9	Sa		
10	SO	**OGGENDDIENS**	
11	Ma		
12	Di		
13	Wo		
14	Do		
15	Vr		

Desember *2017*

16	Sa	***VERSOENINGSDAG***	
17	SO	**OGGENDDIENS**	
18	Ma		
19	Di		
20	Wo		
21	Do		
22	Vr		
23	Sa		
24	SO	**OGGENDDIENS**	
25	Ma	***CHRISTUSFEES EREDIENS 09:00***	
26	Di	***WELWILLENDHEIDSDAG***	
27	Wo		
28	Do		
29	Vr		
30	Sa		
31	SO	**OGGENDDIENS – OUJAARSDIENS 09:00**	

Kersfees!

Die Christus is hier! Ons hoef nie meer vir Hom te wag nie. Met Kersfees vier ons Jesus se koms na die wêreld en wat dit vir ons beteken.

Apostoliese Geloofsbelydenis

Die Twaalf Artikels, of anders genoem, die Apostoliese Geloofsbelydenis is 'n samevatting van ons Christelike geloof:

Ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,

gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ons glo in die Heilige Gees.

Ons glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

AMEN

Kom ons leef hierdie belydenis elke dag uit!